

VERVANG 'N STUKKENDE RUIT

Word 'n selfdoenkener en volg Cashbuild se maklike stappe om 'n stukkende ruit te vervang

HET jou kind 'n krieket- of sokkerbal deur 'n venster geklits terwyl hy geefen het om die volgende AB de Villiers of Thomas Müller te word? Jy hoef nie die koste aan te gaan om iemand te betaal om die ruit te vervang as jy self handig in die huis is nie. Gaan net na die naaste winkel van die verbruikerskampioen Cashbuild waar jou vriendelike Cashbuild-konsultant jou sal help met al die materiaal wat jy nodig het. Volg dan net hierdie maklike stap vir stap aanwysings.

BENODIGDHEDE

Nuwe ruit in die regte grootte gesny (sien nota onder), maskeerband, langneustang, werkhandskoene en veiligheidsbril, ou handdoek, stopverfmes, beitel, hamer, stopverf (of stopmengsel), stoppunte (metaal-driehoekies), skroewedraaier, verfkwas, onderlaag wat vinnig droog word (vir geverfde vensterrame) en verf of vernis (vir houtrame), maatband, fyn skuurpapier, koerante en papiersak of boks om stukkende glas in weg te gooi, hittegeveer (opsioneel), lynsaadolie. **Nota** Meet die vensterraam aan die binnekant. Laat die nuwe ruit sowat 2 mm kleiner as die raam sny. Kry dieselfde dikte glas as die oorspronklike ruit.

STAP 1: Verwyder die stuk-kende ruit. Dra 'n veiligheidsbril en werkhandskoene om te keer dat die glasstukke jou sny. Breek die ruit as dit net gekraak is: Plak maskeerband in 'n oorkruispatroon op die gekraakte ruit, bedek dit met 'n ou handdoek en slaan dit dan met 'n hamer stukkend. Haal die stuk-kende glas uit die vensterraam, maar pasop dat jy jou nie sny nie.

STAP 2: Berei die venster-raam voor. Verwyder enige hardnekkige stukkie glas met 'n langneustang. Skuur die raam liggies af om alle stopverf te verwyder en vee die area met 'n klam lap af om seker te maak



FOTO: TER ILLUSTRASIE: GREATSTOCKMASTERFILE

die oppervlak is skoon en glad.

WENKE

■ **Staalraam** As daar veerklampe is, verwyder dit met 'n knyp-tang. Skuur growwe plekke op die raam met skuurpapier glad. Wend onderlaag aan wat vinnig droog word.

■ **Houtraam** Verwyder ou stopverf of stopmengsel met 'n stopverfmes of beitel. 'n Hittengeweer sal die stopverf sag maak sodat jy dit makliker kan verwyder. Verhit 'n klein area voor jy die stopverf afskraap. Wend twee tot drie lae vernis of 'n veeldoelige onderlaag aan om te keer dat die hout olie van

die stopverf absorbeer.

STAP 3: Sit die nuwe ruit in.

Maak dubbel seker die nuwe ruit is die regte grootte. Knie die stopverf tot dit buigbaar en sonder klonte is. Dit moet die tekstuur van taamlik droë, dik deeg hê. As dit te styf is, verdun dit met lynsaadolie.

■ **Staalraam** Rol 'n stuk stopverf tussen jou hande tot jy 'n lang, dun wurm het. Druk dit ferm met 'n stopverfmes teen die binnerand van die raam vas om 'n dun laag tussen die nuwe ruit en die staalraam te vorm. Sit die nuwe ruit in die raam en druk dit in die stopverf in.

NB: Moenie in die middel van die ruit druk nie; druk al langs die kante om te keer dat die glas kraak. Skraap oortollige stopverf met die stopverfmes af.

■ **Houtraam** Plaas die nuwe ruit in die raam. Hou dit met een hand in posisie en plaas 'n stoppunt aan weerskante van jou hand om die ruit stewig op sy plek te hou. Jy hoef nie baie hard te druk om die stoppunte in te sit nie – gebruik 'n stopverfmes of skroewedraaier om dit in die hout in te tik. Plaas ekstra stoppunte sowat 100 mm van mekaar al reg rondom die nuwe ruit en maak seker dat dit styf teen die glas sit.

STAP 4: Seël die venster. Rol geknieerde stopverf in potlood-grootte-stroke. Begin by een hoek en lê die stroke reg rondom die nuwe ruit, terwyl jy die stopverf ferm met jou vingers afdruk. Stryk dit met egalige stroke met 'n stopverfmes glad. Sorg dat die stoppunte toe is.

WENK Doop die stopverfmes in lynsaadolie net voor jy dit gebruik; dit maak dit makliker om die stopverf te smeer. Vee met 'n droë verfkwas oor die vars stopverf om dit glad af te werk. **STAP 5: Maak die glas skoon** met terpentyn of brandspiritus. Laat die stopverf 'n week lank droog word en verf dan die raam. Moenie langer as 25 dae wag om geglasuurde stopverf te verf nie.


■ **Staalraam** Wend 'n veeldoelige onderlaag aan die raam en stopverf. Wend dan 'n bolaag (of twee) verf aan wat vir metaal geskik is.

■ **Houtraam** Verf die stopverf met 2 tot 3 lae vernis. Laat elke laag eers droog word. Of gebruik 'n veeldoelige onderlaag soos hierbo, en dan 'n bolaag of twee verf wat vir die oppervlak geskik is.

Besoek jou naaste Cashbuild-winkel vir raad oor huisverbetering en herstelwerk. □



1 Slaan ruit versigtig uit.



2 Skraap alle stopverf af.